



Posbus 14524  
Bredell, 1623  
Tel: 0795044217  
Faks: 0865149127

Website: [www.toiletfriend.com](http://www.toiletfriend.com)  
Email: [kempton@toiletfriend.com](mailto:kempton@toiletfriend.com)

**Ooreenkoms dokument tussen Toilet Friend International (Edms) Bpk en kliënt insake die sewe dae toets-tydperk installasie van Toilet Friend International (Edms) Bpk se produk/te op die kliënt se perseel/e.**

Beide partye tot hierdie ooreenkoms, naamlik Toilet Friend International (Edms) Bpk, hierna na verwys as die maatskappy, en die kliënt, hierna verwys as \_\_\_\_\_

IDno/Reg no: \_\_\_\_\_ kom soos volg ooreen:

- Die maatskappy sal 'n produk/te op \_\_\_\_\_ se perseel/e op die koste van die maatskappy installeer, en die kliënt sal die produk/te hierin uiteengesit, gebruik vir 'n tydperk van nie meer as sewe dae, wat hierna bekend sal wees as die toets tydperk.
- Die doel van die genoemde toets tydperk sal wees om die kliënt te laat bepaal of hy/sy/hulle die produk/te van die maatskappy sal bekom soos deur die parte ooreengekom sal word. Die kliënt sal gedurende die toets tydperk onder geen verpligting wees om die produk/te te koop of te huur nie.
- Indien so koop- of huurtransaksie sou plaasvind tussen die partye, sal dit op rekord geplaas word deur middel van maatskappy dokumente, soos byvoorbeeld bestelling en faktuur dokumente wat deur die maatskappy verskaf sal word. Indien die kliënt sou besluit om die huur opsie te neem, sal die maatskappy se verhuringsooreenkoms dokument gebruik word. Verhuringsooreenkoms nommer \_\_\_\_\_ sal vir hierdie spesifieke transaksie gebruik word, en die kliënt word versoek om die verhuringsooreenkoms dokument tesame met die 7 dae toets dokument te onderteken. Die kliënt neem kennis dat verhuringsooreenkoms nommer \_\_\_\_\_ geen effek sal hê totdat hy/sy/hulle teen die einde van die toets tydperk die maatskappy skriftelik ingelig het dat hy/sy/hulle met die diens wil voortgaan – eers dan sal die verhuringsooreenkoms periode waarna die ooreenkoms verwys, in werking tree. Die kliënt neem verder kennis dat hy/sy/hulle wel verplig is om die maatskappy op die laaste dag van die toets tydperk skriftelik in kennis te stel van sy/haar/hul besluit om die produk te bekom, welke huur of koop, en of die produk verwyder moet word omdat die kliënt die produk nie wil bekom nie. Indien geen skriftelike kennis van die kliënt ontvang word voor of op die laaste dag van die toets tydperk nie, sal die maatskappy die kliënt debiteer met die verkoopsprys van R2750-00 per sisteem, BTW ingesluit, en daarop aandrang dat die bedrag onmiddelik betaal word.
- Die maatskappy se normale verkoopsprys van die produk per geïnstalleerde sisteem beloop R2750-00, BTW ingesluit, maar indien die kliënt binne twee dae na die ondertekening van hierdie dokument, die koop sal bevestig, sal die kliënt afslag van R150-00 BTW ingesluit, geniet – met ander woorde die kliënt betaal slegs R2600-00 vir Toilet Friend se geïnstalleerde produk. Die verhuringsooreenkoms prys vir ons produk is vanaf R79.00 BTW ingesluit, afhangende van die verhuringsooreenkoms tydperk wat die kliënt verkies.
- Betaling vir die transaksie sal aan die maatskappy betaalbaar wees deur die kliënt, soos deur die partye ooreengekom sal word, maar nie later as twee werksdae na die laaste dag van die toets tydperk nie.

Indien betaling later as dit geskied, sal 'n heffing van R10-00 per dag, BTW ingesluit, gemaak word vanaf die eerste dag na die toedstydperk verstryk het, tot en met en insluitende die fisiese dag van betaling.

- Indien die kliënt, na die verstrek van die sewe dae toedstydperk, besluit om die produk/te nie te bekom op 'n koop of huur basis nie, gee die kliënt hiermee toestemming aan die maatskappy om die produk/te vanaf die kliënt se perseel/e te verwyder, op 'n tyd wat ooreengekom sal word tussen die partye. Die bogenoemde verwydering sal geskied so vining moontlik na die verstrek van die toedstydperk om te verseker dat die maatskappy so min moontlik kommersiële skade kan ly uit die transaksie wat dan nie sal plaasvind nie. Die maatskappy behou die reg voor om gedurende verwydering slegs die motor, transformator en bewegings sensor te verwyder.
- **Die maatskappy onderneem om herstelwerk, waar nodig, en soos deur die maatskappy bepaal, te laat geskied. Die kliënt sal hierdie redelike herstel metodes van die maatskappy aanvaar, en geen eise teen die maatskappy hê ten opsigte hiervan nie.**
- **By ondertekening van hierdie dokument verleen die kliënt toestemming aan die maatskappy om 'n krediet navraag te verkry om sodoende aan die minimum vereistes van die FIAS wet te voldoen, net ingeval die kliënt sou besluit om die produk/te van die maatskappy te bekom op die huurstelsel. Hierdie inligting sal ten alle tye streng privaat bly en ook in die maatskappy se argiewe geberg word, soos deur die wet voorgeskryf.**

• Die produk/te sal bekend staan as: \_\_\_\_\_,  
reeksnommer/s \_\_\_\_\_,  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ en sal geïnstalleer word by adres :  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

Geteken te \_\_\_\_\_ op hierdie \_\_\_\_\_ dag  
van \_\_\_\_\_ 20 \_\_\_\_\_

Die maatskappy verteenwoordig deur: \_\_\_\_\_

Handtekening: \_\_\_\_\_

Die kliënt: \_\_\_\_\_

Tel. nr: \_\_\_\_\_

Handtekening: \_\_\_\_\_